WAAROM CHRISTENE NIE SIEK HOEF TE WORD NIE

—deur Johan Jacobs

God se doel vir jou is om gesond en sinvol te lewe

Die doelwit van hierdie artikel is om ons van ons Bybelse verantwoordelikheid met betrekking tot ons aardse liggaam, die tempel van God, bewus te maak. Dit word verduidelik aan die hand van fundamentele Bybelse beginsels wat die Here aan ons gegee het. Dit sal ons bemagtig om wyse en gesonde besluite te neem terwyl ons aardse liggaam ons woning is.

Verstaan God se karakter

Die Here is vol genade, barmhartigheid, deernis, goedheid en ewige liefde. Aan die begin het God alles goed en reg geskape. Dit verwys na die Hemele, die aarde en "alles daarin", insluitend die mens. Ek staan in verwondering hoe God ons liggaam geskape het om:

1. Selfgroeiend,
2. Selfonderhoudend,
3. Selfgenesend,
4. Selfbeskermend te wees.

Bogenoemde geskied elke dag onder die oppervlak, sonder dat ons daarvan bewus is. Soos egter in vorige artikels, en in meer detail in my boek bespreek word, kan hierdie eienskappe van ons liggaam slegs tot volle kapasiteit funksioneer as die liggaam optimaal gevoed word. Die liggaam is geskape om optimaal te funksioneer wanneer dit met nutriëntryke, natuurlike, ware kosse gevoed word – met voedsel wat nie uit verpakking, bokse en kitskoswinkels kom nie.

Dit is duidelik dat ons Skepper se bedoeling was dat ons gelukkig en volmaak gesond moet wees en ook sinvol, met gesag en met 'n uitwerking op diegene om ons moet leef.

Die Bybel is 'n handleiding wat ernstig opgeneem moet word deur dié wat daarna streef om die Waarheid te ken ten opsigte van alle aspekte van die lewe – insluitend gesondheid.

God se Woord – Sy riglyn

Die Bybel is 'n handleiding van volmaakte sedelike wette, morele gedrag en integriteit. Dit is inderdaad 'n unieke boek en moet ernstig opgeneem word deur diegene wat daarna streef om die Waarheid te ken ten opsigte van alle aspekte van die lewe – insluitend gesondheid.

"Die hele Skrif is deur God geïnspireer en het groot waarde om in die waarheid te onderrig, dwaling te bestry, verkeerdhede reg te stel en 'n regte lewenswyse te kweek, sodat die man wat in diens van God staan, volkome voorberei en toegerus sal wees vir elke goeie werk." 2 Tim 3:16-17.

God se plan – ons doel

Volgens die Skrif het God 'n baie spesiale plan en doel vir elkeen van ons. Die Here het ons 'n vrye wil geskenk wat ons moet aanwend om lewe en waarheid te kies. *"Hy het ons gered en ons geroep om aan Hom toegewy te wees. Dit het Hy gedoen, nie op grond van ons dade nie, maar op grond van Sy eie besluit en die genade wat Hy van ewigheid af in Christus Jesus aan ons geskenk het."* 2 Tim 1:9.

"Ons weet dat God alles ten goede laat meewerk vir dié wat Hom liefhet, dié wat volgens Sy besluit geroep is." Rom 8:28.

Dit is belangrik om te weet wat jou doel en roeping in die lewe is.

"My volk gaan te gronde weens gebrek aan kennis; omdat jy die kennis verwerp het, sal Ek jou verwerp..." Hosea 4:6



Johan Jacobs, stigter en outeur van GO Natural

Ons verantwoordelikheid

Jy is volmaak in jou moeder se skoot aanmekaargeweef soos ons in Psalm 139:13-18 lees. God maak nie foute nie. Elkeen wat gebore is, is op 'n wonderbaarlike wyse geskape. Selfs met 'n liggaamsgebrek of -swakheid kan jy Christus steeds verheerlik.

Die Here beveel ons nie net om Hom met gees en siel te aanbid nie, Hy verwag ook dat ons ons liggaam heilig, rein en gesond sal hou. Dit is bykans onmoontlik om doeltreffend en bruikbaar vir die Skepper te wees, om 'n verskil te maak en jou aardse doel te vermag, wanneer jou liggaam sieklik en vergiftig is weens jou eie onverantwoordelike of onkundige optrede.

Dit is sekerlik nie God se wil of begeerte dat ons willens en wetens ons liggaam besoedel of misbruik deur 'n ongesonde lewenswyse wat onnodig skade aan Sy tempel aanrig nie. Dit sal die liggaam swak, siek en ondoeltreffend maak; ons sal nie in staat wees om aan hierdie aardse wedren deel te neem en ons in te span sodat ons die Hemelse prys en die onvergankliker kroon kan behaal nie.

'n Gebrek aan wysheid en kennis

Waarom is daar soveel siekte en dood in die wêreld? Die antwoord kan sekerlik 'n gebrek aan wysheid en kennis insluit, maar daar is nog 'n dimensie – 'n gebrek aan onderskeiding. Weens die geleidelike "ontwerp en implementering" van die moderne kitsleefstyl, word ons oor die afgelope eeu toenemend aan skadelike en dodelike veranderinge in ons dieet blootgestel.

Siekte en voortydige dood het deur die geskiedenis heen altyd voorgekom. Vandag is die onderskeidende faktor egter die veelvuldige siektetoestande wat deur mense self veroorsaak word deur dinge te doen wat skadelik of selfs dodelik is weens hulle onkunde, hardnekkige koppigheid, of gebrek aan wysheid.

Voorts is daar, soos ek aangedui het, stelselmatige genetiese manipulasie, besoedeling en vergiftiging van ons voedselbronne. Dít, tesame met 'n toenemende lui, onaktiewe, eletronikagedrewe lewenswyse wat aan vermaak verslaaf is, verskaf 'n kollektiewe teelaarde vir swak gesondheid. Soos in my boek bespreek, glo ek dat die meeste moderne siektes die gevolg van 'n onverskillige, onwyse, gifbelaaide lewenswyse is. Ek is oortuig daarvan dat die oorsaak van die meeste siektes vandag hoofsaaklik deur die mens self te weeg gebring word deur God se ongeskrewe natuurlike wette te oortree.

Dit is sekerlik nie God se wil dat ons willens en wetens ons liggame besoedel of misbruik deur 'n ongesonde lewenswyse wat onnodig skade aan Sy tempel aanrig nie.

Pas jou leefstyl aan en word gesond

Dit is dikwels nie eens nodig om vir genesing te bid nie. Ons kan bloot ons gesonde verstand en die natuurlike bronne wat God tot ons beskikking stel, gebruik en ons lewenswyse dienooreenskomstig aanpas. Baie siektetoestande ontstaan deur ons eie toedoen: die gevolg van ons gebrek aan wysheid en ons ouers, ons eie en ons tydgenote se onkunde.

Baie mense, insluitend myself, het al antwoorde op gebed vir genesing ontvang. My genesing was nie onmiddellik nie. God het toegelaat dat ek desperaat vir inligting en insig geword het. Hy het my vir die GO NATURAL-boodskap voorberei. As Hy my onmiddellik genees het, is dit te betwyfel of ek ooit hierdie lewensveranderende raad oor 'n gesonde lewenswyse sou ontdek het. Prys die Here vir Sy getrouheid! Die Here maak ook op 'n geestelike manier gebruik van die natuurlike om ons gebede te beantwoord.

Ek bly besorg oor diegene wat siek is weens hulle eie toedoen – in die meerderheid gevalle – dié wat vir genesing en God se ingryping bid, maar enige natuurlike manier om die probleem aan te spreek, bloot ignoreer en ontken. Die tyd het aangebreek dat ons uitvind wat God se wil en wysheid op elke gebied van ons lewe is, insluitend hoe om na ons liggaam om te sien. Dit is sekerlik nie God se wil dat ons deur ons eie toedoen, óf iemand anders se intensie om ons skade te berokken, siek en swak moet wees nie. Inderdaad nie. Ons moet met sorg na ons liggaam omsien. Dié wat aan Christus behoort, word as Sy handewerk beskou, tempels waarin Sy Gees woon.

Wysheid in die Bybel

Met die onthulling van al die gevaarlike elemente waaraan ons deesdae blootgestel word »

GO NATURAL



Die volledigste en omvattendste gesondheidsboek wat jy ooit sal lees. Hierdie boek sal jou tot 'n siektevrye lewe begelei.

SLUIT 72 RESEPTE IN!

nuut

DIE DOEL VAN DIE BOEK

Die liggaam is wonderlik geskape. Die onverhandelbare voorwaardes vir die liggaam om doeltreffend te funksioneer is behoorlike voeding en die verwydering van alle gifstowwe. In sy boek deel Johan sy genesingsreis; 'n merkwaardige "lang pad na gesondheidsvryheid." Hierdie reis het hom bemagtig om riglyne te deel hoe om moderne gesondheidslandmyne te vermy en mense in staat te stel om heeltemal siektevry te leef.

JOHAN SE ONTDEKKING HET HOM LAAT BESEF:

- Dat 'n gesonde dieet en leefstyl noodsaaklik is vir die liggaam om natuurlik, siektevry en optimaal te funksioneer
- Die liggaam sal slegs oor die vermoë beskik om selfgenesend, selfonderhoudend, en selfbeskermend te wees indien 'n gesonde dieet en leefstyl gevolg word
- Go Natural vlek die verskuilde gevare oop wat in ons mond, kos en omgewing skuil en wat potensieel die kernoorsaak van ons siektetoestand is
- In Go Natural verduidelik Johan ook waarom die leefstyl van 'n "jagter-versamelaar" hoër voeding vir optimale gesondheid verskaf
- Go Natural sal jou help om die verskil tussen 'n siekte en 'n siektetoestand te verstaan – en jou wys hoe om beheer van jou gesondheid te neem
- Go Natural sal die redes (en die oplossings) vir fisieke degenerasie, versnelde veroudering en onnodige gewigstoename verduidelik

Aanlyn beskikbaar by
www.gonatural.co.za

WAAROM CHRISTENE NIE SIEK HOEF TE WORD NIE

God se doel vir jou is om gesond en sinvol te lewe

(Deel 2 in my boek, GO NATURAL), kan ons nie anders as om die aangesig van God en Sy Woord te soek nie. Ons moet vir wysheid, onderskeiding en leiding vra. Ons moet alle sake wat die lewe en gesondheid behels, ondersoek.

"My volk gaan te gronde weens gebrek aan kennis; omdat jy die kennis verwerp het, sal Ek jou verwerp..." Hosea 4:6. Dit is noodsaaklik om die hele hoofstuk in Hosea te lees om te verstaan wat die gevolge van 'n gebrek aan kennis is. *"Die vrees van die Here is die beginsel van die kennis; sotte verag wysheid en tug."* Spreuke 1:7.

"Dit gaan goed met die mens wat wysheid gevind het, wat insig as sy deel ontvang het..." Spreuke 3:13.

Wat jy saai, sal jy maai

Die saai-en-maai-beginsel is 'n fundamentele wet van die lewe. Wat jy saai, sal jy maai. As jy luiheid en onverantwoordelikheid saai met die versorging van jou liggaam, sal jy ongesondheid en siekte oes. Die pyne en skete van hierdie wêreld wat deur die dwaasheid van die mens veroorsaak word, is so onnodig en teenstrydig met God se wil. *"Wie karig saai, sal karig oes; en wie volop saai, sal volop oes."* 2 Kor 9:6.

Laat ons die wysheid van die Woord toepas om te leef soos God dit vir ons bestem het. Laat ons nooit weens ons eie dwase onkunde of onwyse lewenswyse aan siekte ly nie.

Die vader van die leuens

Wie is die oorsaak van al hierdie slegte dinge? Die Woord is duidelik dat daar 'n vyand aan die werk is wat altyd op die uitkyk is om verwoesting te saai. Dit is uiters belangrik vir ons oorlewing en welsyn op die aarde om met wysheid op te tree. Die Bybel verskaf riglyne vir ons: *"Wees nugter, wees wakker! Julle vyand, die duiwel, loop rond soos 'n brullende leeu, op soek na iemand om te verslind."* 1 Petrus 5:8.

"Hy was 'n mensemoordenaar van die begin af en staan nie in die waarheid nie, omdat daar in hom geen waarheid is nie. Wanneer hy leuentaal praat, praat hy uit sy eie, omdat hy 'n leuenaar is en die vader daarvan." Johannes 8:44.

"Geldgierigheid is 'n wortel van allerlei kwaad." 1 Tim 6:10. Hierdie vers is van toepassing op die moderne, materialistiese wêreld. Baie van die hedendaagse sakebedrywe, insluitende die landbou-, farmaseute-, mediese- en voedselbedrywe, neem deel aan onetiese sakepraktyke, hulle buit die massas willens en wetens uit; wat tot gevolg het dat liggame sowel as lewens opgeoffer en vernietig word.

Ons het 'n vrye keuse – wees wys

Hier lê die uitdaging! God het ons 'n vrye wil geskenk. Ons kan altyd 'n keuse uitoefen; die Skepper dwing nooit Sy wil op enigiemand af nie. *"En word nie aan hierdie wêreld gelykvormig nie, maar word verander deur die vernuwing van julle gemoed, sodat julle kan beproef wat die goeie en die welgevallige en volmaakte wil van God is."* Romeine 12:2.

Die Here is sagmoedig, goed en vol deernis. Hy sal jou nie dwing om Sy wil te doen of om Hom lief te hê nie. Laat Hy jou in wysheid lei en jou onderskeiding leer sodat jy die beste keuses kan maak.

My gebed is dat jy hierdie aardse wedren met standvastige volharding sal hardloop. Dat jy vol vrede en vreugde sal wees en deur God se genade goeie gesondheid sal geniet, veral waar dit binne jou menslike vermoë is! God het Sy kinders 'n gees van liefde, krag en selfbeheersing gegee (2 Timoteus 1:7).

Laat ons ons gesonde verstand gebruik, tesame met die wysheid van die Woord, om te leef soos God dit bestem het. Laat ons nooit weens ons eie onkunde of onwyse lewenswyse ly nie; net ter wille van regverdigheid. ■

JOHAN *se herstel van primêre progressiewe veelvoudige sklerose het hom geleer dat siekte geen toeval is nie; dat daar 'n grondoorsaak is. Vir meer besonderhede: www.gonatural.co.za*